

GEREFORMEERDE LAERSKOOI BELLVILLE

H/v Frans Conradierylaan
en Stellenbergweg
Posbus 4203
Old Oak
Bellville
7537
7530



Tel: (021) 919 7816

E-mail: admin@dglb.co.za

3 April 2019

Geagte ouers

Ons mag weereens met baie dankbaarheid terugkyk na die Here se seën, beskerming en versorging gedurende die Maartvakansie. Alhoewel nie alle maats gister reeds hier was nie, was dit weer volstoom hard aan die werk. Ons wens ons siek maats 'n vinnige herstel toe. Winter is op pad, dit is dalk 'n goeie plan om die vitamien C nader te trek.

Gepraat van winter – dankie vir die netjies-aangetrekte leerders wat ons gister by die skool kon verwelkom. Indien u wonder oor sekere reëls rondom voorkoms, kontak gerus die skool. Dan stuur ons weer 'n volledige voorkomsbeleid vir u aan. Let op dat daar onder andere ook skoolreëls is rondom juweliersware, horlosies en skooltas.

Net voor die vakansie – op 9 Maart – het die Here **Anneke en Ilse-Marié se oupa, juffrou Annelies se skoonpa** tot Hom geneem. Van ons kant af wens ons die Roos-familie baie sterkte en troos toe met die gemis.

Ons moes ook afskeid neem van ons klasmaat **Simoné Brand**. Hulle het Maandag gehoor dat Simoné plek gekry het by 'n mikro-skool in Eversdal, waar sy op haar eie tempo, soos haar gesondheid dit toelaat, haar skoolwerk kan doen. Ons bid haar en die Brand-gesin die Here se seën toe op hierdie nuwe pad en ons wens is dat Simoné mag voortbou op die stewige fondament wat sy in die afgelope 6 jaar by GLB mog begin.

Buitemurse aktiwiteite vir graad 4 tot 7 begin DV **Maandag 8 April**.

- * **Maandag: netbal graad 4 tot 7 meisies en sokker graad 4 tot 7 seuns, 14:00 tot 15:00 by die skool**
- * **Dinsdag: blokfluit graad 4 tot 7 leeders 14:00 – 14:30 by die skool**
- * **Donderdag: hokkie graad 4 tot 7 seuns en meisies 14:00 tot 15:00**

Ons bevestig nog by Hoërskool Bellville dat ons weer hierdie jaar van hul fasiliteite gebruik mag maak vir ons hokkie-oefeninge. Dit is belangrik dat leerders die **regte beskermende** sporttoerusting het vir sokker en hokkie, asook eie hokkiestokke. Daar word 'n **ryrooster** uitgewerk vir die **heenpad** op Donderdae, u moet egter u kind(ers) self by die hoërskool optel na hokkie om 15:00.

Sokker sal eers op Maandag 29 April 'n aanvang neem, ons gee die veld net nog 'n bietjie kans om te herstel rondom die doelpale. Seuns wat sokker speel mag **nie met sokkerstewels speel nie** – ons kan **net gewone tekkies** toelaat op die veld terwyl ons die veld nog kans gee om te rehabiliteer.

Onthou **balvaardighede** vir graad 1 tot 3 is deel van Donderdae se skoolprogram en vind **elke Donderdag** van 13:00 tot 13:45 plaas. Ons hou u op hoogte per WhatsApp indien die sport afgestel word vanweë reën.

Ps 144:12 Mag ons seuns wees soos plante wat hoog groei in hulle jeug, ons dogters soos hoekpilare uitgebeitel soos vir 'n paleis.

Saam met hierdie brief ontvang u 'n **invulstrokie**: ons vra dat **alle ouers asseblief DV Dinsdag 16 April** hul kind(ers) se onderwyser(s) spreek.

Ons maak voorsiening vir afspraak in die middag of in die aand. Die afspraak is **15 minute** elk, maar dit sal gaaf wees indien u vir ons 'n aanduiding kan gee min of meer watter tydgleuf u pas. Ons het die tye opgedeel in tydsgleuwe van 30 minute en sal ons bes probeer om u afspraak (-ake) in die gleuf in te pas wat u verkies. Lees mooi wat gevra word en vul asb. die afskeurstrokie volledig in. Stuur dit terug skool toe voor of op **Dinsdag 9 April**.

Indien u **nie** op hierdie datum **kan kom nie**, skakel asb. die skool of die onderwyser **persoonlik** om 'n **nuwe afspraak** te maak. Indien ons nie teen Dinsdag u afskeurstrokie ontvang het nie, sal ons u indeel op die rooster waar daar plekkies oop is, aangesien hierdie 'n verpligte oueraand is.

Let asseblief daarop dat daar vir die graad 4 tot 7-ouers ook geleentheid gemaak word vir Woensdagaand. Aangesien ons as Intermediêre Fase personeel die ouers almal moet sien, het ons meer afspraak nodig. **Woensdag is egter slegs vir ouers wat NET leerders in graad 4 tot 7 het. Graad 4-7-ouers sal die drie onderwysers** betrokke by hul kinders, **saam** sien. Indien u egter voel dis nodig om een van die drie apart te sien, skakel die skool of die onderwyser, dan reël ons 'n ekstra afspraak.

Graad 2-ouers sien vir **juffrou Annelies**. Indien u as gr. 2-ouer ook graag vir **juffrou Hester** wil sien, maak asb. 'n afspraak met haar **persoonlik**.

Ons **Paas-tot-Pinkster** opvoering vind ook hierdie kwartaal plaas: hou asseblief **Maandag 10 Junie** oop! Begin ook maar weer in alle erns spaar aan die munte vir die muntlegging, wat hierdie jaar gaan aan **Geopende Deure** (en onthou dat 5c nie meer gebring mag word nie).

Juffrou Anita vier DV **Dinsdag 9 April** haar verjaarsdag met die skool. U is welkom om 'n geldjie te stuur. **Nicole**, ons getroue skoonmaakster en regterhand, mag DV **Maandag 15 April** haar verjaarsdag vier, ons dank die Here vir haar lewe en wens haar baie geluk en seën toe vir die nuwe lewensjaar. Geniet jou verjaarsdag Nicole! 'n Herinnering dat **Juffrou Annelies** en **tannie Alta** ons musiekjuffrou, ook later in die kwartaal verjaar.

Die **papierkompetisie** sal ook weer begin. Juffrou Hester sal hierdie kwartaal die kompetisie beheer en sal Maandag in die saal aan die leerders verduidelik hoe dit hierdie kwartaal gaan werk. Die kompetisie sal weer op individuele basis geskied soos in die eerste kwartaal, ons moedig leerders aan om elkeen ten minste 10kg gedurende die kwartaal in te samel.

Ontvang saam met hierdie brief 'n lys met datums vir die kwartaal. Ons vra u om die skool, haar personeel, leerders, gesinne en beheerliggaam nie te vergeet in u gebede nie. Mag die Here ons weer 'n besondere en geseënde kwartaal gee.

Vriendelike groete



Mnr. H.H. van der Linden
Skoolhoof

Ps 144:12 Mag ons seuns wees soos plante wat hoog groei in hulle jeug, ons dogters soos hoekpilare uitgebeitel soos vir 'n paleis.

Kort oorsig oor datums vir die tweede kwartaal

Maandag	8 April	Buitemuurs vir graad 4 tot 7 begin
Dinsdag	9 April	Juffrou Anita vier haar verjaarsdag met graad R'e en skool Stuur voltooide oueraandbriefie terug skool toe asseblief
Maandag	15 April	Nicole verjaar
Dinsdag	16 April	Ouergesprekke
Vry. Tot Maan.	19 tot 22 April	Paasnaweek
Maandag	29 April	Sokker vir graad 4 tot 7 seuns begin, speel asseblief slegs met tekkies
Woensdag	1 Mei	Publieke vakansiedag - Werkersdag
Woensdag	8 Mei	Publieke vakansiedag - stemdag
Donderdag	9 Mei	Eisteddfod-handskrif
Sondag	12 Mei	Moedersdag
Vrydag	17 Mei	Toetsreeks vir graad 4 en 5 begin
Donderdag	23 Mei	Laaste buitemuurs en Grondslagfase-sport
Maandag	27 Mei	Eksamen vir graad 6 tot 7 begin Skool kom 12:30 uit vir ALLE leerders Gr 1 tot 3 dra steeds Donderdae LO-klere al is daar nie balvaardighede nie
Donderdag	30 Mei	Hemelvaartsdag – ons kom gewoon skool toe en herdenk dit in die klasse
Dinsdag	4 Junie	Juffrou Annelies vier haar verjaarsdag – graad 2 mag gewone klere aantrek
Sondag	9 Junie	Pinksterfees
Maandag	10 Junie	Paas-tot-Pinkster-optrede om 10:00 in die kerk Muntlegging t.b.v. Geopende Deure, kinders mag daarna huis toe gaan
Vrydag	14 Junie	Papierkompetisie sluit Skool sluit 11:00 met koekverkoping daarna Leerders mag almal gewone klere aantrek
Sondag	16 Junie	Tannie Alta verjaar Vadersdag Publieke vakansiedag - Jeugdag
Dinsdag	9 Julie	Skool open om 7:45 vir alle leerders

Ps 144:12 Mag ons seuns wees soos plante wat hoog groei in hulle jeug, ons dogters soos hoekpilare uitgebeitel soos vir 'n paleis.

VERPLIGTE OUERAAND DINSDAG 16 APRIL 2019

(Ouers met net gr 4-7 leerders WOENSDAG 17 APRIL):

strokie terug op Dinsdag 9 April asb.

Vir my / ons _____, ouer(s) van

_____ (meld asb. naam en

graad van kind(ers) sal die volgende tydsgleuf op die rooster goed pas (dui asb. **eerste en tweede**

keuse op die lyntjie langs die tye aan):

- MIDDAG: 14:00 – 14:30 _____
- 14:30 – 15:00 _____
- 15:00 – 15:30 _____
- 15:30 – 16:00 _____

OF

- AAND: 18:00 – 18:30 _____
- 18:30 – 19:00 _____
- 19:00 – 19:30 _____
- 19:30 – 20:00 _____
- 20:00 – 20:30 _____
- 20:30 – 21:00 _____

Ouers met net gr. 4-7 leerders: dui asseblief aan of u Woensdagaand wil kom: JA / NEE

Handtekening _____

Personeel datums vir die tweede kwartaal

Maandag	8 April	Christine het saal Buitemuurs vir graad 4 tot 7 begin
Dinsdag	9 April	Juffrou Anita vier haar verjaarsdag met graad R'e en skool Stuur voltooid oueraandbriefie terug skool toe asseblief Personeelopleiding: hfst 11-13 ADHD boek
Maandag	15 April	Erik het saal Nicole verjaar
Dinsdag	16 April	Ouergesprekke
Vry. Tot Maan.	19 tot 22 April	Paasnaweek
Dinsdag	23 April	Henriette het saal Personeelopleiding: hoofstuk 1 nuwe boek
Donderdag	25 April	Margriet rol PE af
Maandag	29 April	Erik het saal en sokker vir die seuns begin
Dinsdag	30 April	Personeelopleiding: beleide
Woensdag	1 Mei	Publieke vakansiedag - Werkersdag
Maandag	6 Mei	Hester het saal
Dinsdag	7 Mei	Personeelvergadering
Woensdag	8 Mei	Publieke vakansiedag - stemdag
Donderdag	9 Mei	Eisteddfod-handskrif
Sondag	12 Mei	Moedersdag
Maandag	13 Mei	Henriette het saal
Dinsdag	14 Mei	Personeelopleiding: beleide
Vrydag	17 Mei	Toetsreeks vir graad 4 en 5 begin
Maandag	20 Mei	Erik het saal
Dinsdag	21 Mei	Personeelopleiding: hoofstuk 2
Donderdag	23 Mei	Laaste buitemuurs en Grondslagfase-sport Margriet rol PE af
Maandag	27 Mei	Christine het saal Eksamen vir graad 6 tot 7 begin en skool kom 12:30 uit vir ALLE leerders Gr 1 tot 3 dra steeds Donderdae LO-klere al is daar nie balvaardighede nie
Dinsdag	28 Mei	Personeelopleiding: beleide
Donderdag	30 Mei	Hemelvaartsdag – ons kom gewoon skool toe en herdenk dit in die klasse
Maandag	3 Junie	Erik het saal
Dinsdag	4 Junie	Juffrou Annelies vier haar verjaarsdag – graad 2 mag gewone klere aantrek
Vrydag	7 Junie	GF rapporte by Annelies
Sondag	9 Junie	Pinksterfees
Maandag	10 Junie	Paas-tot-Pinkster-optrede om 10:00 in die kerk (kinders verdaag na muntelegging) Ligstraal bydraes moet in wees (sien w/a wie doen wat)
Dinsdag	11 Junie	Rapporte by Erik vir nasien en teken Personeelopleiding: hoofstuk 3
Vrydag	14 Junie	Erik sluit af Papierkompetisie sluit Skool sluit 11:00 met koekverkoop daarna Leerders mag almal gewone klere aantrek
Sondag	16 Junie	Tannie Alta verjaar Vadersdag Publieke vakansiedag - Jeugdag
Dinsdag	9 Julie	Skool open om 7:45 vir alle leerders

Ps 144:12 Mag ons seuns wees soos plante wat hoog groei in hulle jeug, ons dogters soos hoekpilare uitgebeitel soos vir 'n paleis.

Ps 144:12 Mag ons seuns wees soos plante wat hoog groei in hulle jeug, ons dogters soos hoekpilare uitgebeitel soos vir 'n paleis.